

Die gee van Tiendes

13 Augustus 2025

Hierdie is en was nog altyd 'n kontroversiële onderwerp van bespreking en dit is ook nie my doel om vanaand 'n finale antwoord hieroor te gee nie, maar eerder 'n besprekingpunt oop te maak tussen my en my mede broers en susters.

Daar is geweldig baie vrae en menings en boeke al geskryf oor die onderwerp, maar kom ons probeer net eers na 3 kyk vanaand.

Drie van die mees algemene Vrae hieroor is:

1. Is dit 'n verpligting wat God op ons gelê het wat ons moet nakom en gehoorsaam?
2. Indien wel - Hoe moet ek my tiende bereken en wat word alles as deel van my tiende beskou?
3. Geld die gee van tiendes nog enigsins vandag?

Nou dit is nog altyd my uitgangspunt dat ons altyd eerste moet gaan kyk wat sê die Woord van God voordat ons enigsins ons eie menings begin lug.

1. Is dit 'n verpligting wat God op ons gelê het wat ons MOET nakom en gehoorsaam?

Nou die eerste wat ons daarvan lees in die Bybel is waar Abraham 'n tiende van die buit aan Melgisedek die koning van Jebus of Jerusalem gegee het in **Gen 14:20** toe hy teruggekom het van die oorlog waar hy Lot gaan red het.

Dan in **Gen 28** het Jakob die droom gehad van die leer wat tot aan die hemel strek en die engele van God wat op en af klim met die leer totdat God langs hom kom staan het en aan hom beloof dat Hy met hom sal wees en hom 'n groot nasie sal maak en hierdie land aan sy nageslag sal gee. En dan in Gen 28:22 lê Jakob 'n gelofte af dat hy 1/10 de van alles wat die Here aan hom sal gee vir die Here sal teruggee. En dit is nogal insiggewend en iets wat ons regtig moet onthou. Ons het absoluut niks wat ons nie in elk geval van die Here af ontvang het nie.

Dan later in die tyd van Moses kry ons baie mooi en duidelike raad in die Bybel oor hoe om met geld te werk en hoe om te spaar. Vir die Israeliete, wat ons voorbeeld was, was dit 'n verpligting en by ons vandag is dit ons

keuse. Maar en dit kom basies op die volgende neer. 1/5de oftewel 20% van jou inkomste is nie joune nie – dit is die Here s'n. En die 20% word opgedeel in 2 tiendes.

Die een tiende(**10%**) moes na die Leviete toe gaan (tempel toe, vandag dalk **kerk toe**)(Num18:24), en die ander tiende(**10%**) moes hulle wegsit of **spaar**. Die tiende wat jy spaar was sodat jy en jou familie dit later kon geniet en mee fees vier en al die eer daarvan aan die Here gee. En dan het jy 80% waarmee jy en jou familie kan leef en doen net wat jy wil. So moet jy dan jou lewensstandaard inrig binne hierdie 80%.

Die 10% van die Here wat as offers moes Tempel toe gaan.

Met instel van die Mosaïse wette beveel die Here vir Moses in **Lev 27:30-34** – en ons lees

Lev 27:30 **Een tiende van al die produkte van die land** behoort aan die Here, of dit nou **graan of vrugte** is. Dit is aan die Here gewy.

Lev 27:31 As iemand daarvan wil terugkoop, moet hy die loskoopwaarde daarvan plus twintig persent betaal.

Lev 27:32 **Een tiende van die beeste en kleinvee** behoort aan die Here. Die diere moet getel word, en al om die tiende dier wat verbykom, moet vir die Here afgekeer word.

Lev 27:33 Daar mag nie goeies of slegtes uitgesoek word nie, en 'n dier wat afgekeer is, mag nie omgeruil word nie. As iemand so 'n dier probeer omruil, word albei diere die Here se eiendom. Daar mag nie teruggekoop word nie."

Lev 27:34 Die voorafgaande is die gebooie wat die Here deur Moses by Sinaïberg vir die Israëliete gegee het.

Die 10% van die Here wat jy moet spaar om later te kan geniet tot sy eer.

Deu 14:22-29 Jy moet elke jaar 'n tiende van die opbrengs van jou gesaaides, van wat op jou land groei, opsy sit:

Deu 14:23 jy moet dit in die teenwoordigheid van die Here jou God eet op die plek wat Hy sal kies om sy Naam daar te laat woon. Jy moet die tiende opsy sit van jou koring, jou wyn en jou olie en dan ook nog die eersteling van jou grootvee en jou kleinvee, **sodat jy kan leer** om die Here jou God altyddeur te eer.

Deu 14:24 Maar as die Here jou God jou baie voorspoedig maak en die plek wat Hy sal kies om sy Naam daar te vestig boonop nog ver van jou af is, sodat jy nie die tiende die hele ent pad kan dra nie,

Deu 14:25 kan jy die tiende in geld omsit. Jy moet dan die geld vat en na die plek toe gaan wat die Here jou God vir Hom gekies het.

Deu 14:26 Daar moet jy met die geld koop **net wat jy wil**: bees, skaap, wyn, bier, of enigiets anders wat jy wil hê. Dan moet jy en jou familie dit daar **in die teenwoordigheid van die Here jou God eet en bly wees.**

Deu 14:27 Moenie die Leviëte wat in jou omgewing woon, vergeet nie, want hulle het nie 'n eie grondgebied as besitting saam met jou gekry nie.

Deu 14:28 Om die drie jaar moet jy die volle tiende van daardie jaar se opbrengs in jou dorpe gaan wegpak.

Deu 14:29 Dan kan die Leviëte wat nie 'n eie grondgebied as besitting saam met jou gekry het nie, die vreemdelinge, die weeskinders en die weduwees in jou omgewing genoeg eet. **As jy dit doen, sal die Here jou God jou voorspoedig maak in alles wat jy aanpak."**

Nou ons is nie Israeliete nie en die Mosaïse seremoniële wette het verval. Ons is nou vrygemaak in Jesus Christus en daar is nie meer 'n verpligting op ons nie (Gal 5:1). MAAR as ons waarlik die Here lief het en ook hierdie voorbeelde nastreef sal jou lewe verseker ook op die materiële kant verander.

Gaan lees gerus Mal 3:6-15 ek lees net v10

Mal 3:10 Bring die volle tiende na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete in my huis kan wees, en toets My hierin, sê die Here die Almagtige. Toets My of Ek nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle reën sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie.

2. Indien wel - Hoe moet ek my tiende bereken en wat word alles as deel van my tiende beskou?

Nou kom ons gesels bietjie oor hierdie tameletjie indien 'n mens nou ernstig sou voel om presies 'n tiende van jou inkomste te gee en darem nie 'n rand te min of te veel nie.

Hoe sou dit vir die meeste van ons vandag in praktyk werk?

Waarop sou ek my tiende moet bereken? Kom ons sê ek is 'n werknemer by 'n besigheid en my salaris is

Bruto R10 000

dan kom SARS en werkloosheid ens af en die werkgever betaal elke maand

Netto R7500 in my rekening

Van hierdie moet ek nou my noodsaaklike uitgawes om te leef betaal en sê

maar Huur	R2500
Elektrisiteit en water	R1000
Kos	R2000
Kar	R1000
Lening	R ?
Wat bly oor sê maar	R1000

Nou waarop gaan ek my tiende gee wat my tevrede gaan laat voel

- Gaan dit R1000 wees op die Bruto van R10000
- Gaan dit R750 wees op die netto inbetaling van R7500
- Gaan dit R100 wees op die R1000 wat oorbly na my noodsaaklike uitgawes?

En mense wat hul eie besigheid het, het dit nog erger

- Gaan dit wees op totale omset
- Voor BTW of na BTW
- Bruto wins of Netto wins of net op die salaris wat ek vir myself trek?

Is my tiende net die bedrag wat ek vir die kerk gee of sluit dit die bedrag in waarmee ek my ouers help of een van my of my familie se kinders en al die footjies aan die karwagte en ander bedelaars.

Ek hoop u kan sien: **Daar geen duidelike antwoord hiervoor nie** en die Bybel gee ook geen eksplisiete riglyne hieroor nie. Want ek dink nie dit is waaroor dit regtig gaan nie. Ons sal nou verder sien

En ek weet gladnie hoe die Moslems en van die Ortodokse Jode ens hulle tiendes bereken nie, maar dit is in elk geval 'n klug en kan net mensgemaakte minderwaardige armsalige wettiese reëls wees.

3. Geld die gee van tiendes nog enigsins vandag?

Wel ek dink nie dit het al ooit werklik gegeld in die lewe van ware Christene nie. Net soos die besnydenis in die ou Testament ten diepste eintlik gegaan het oor die besnydenis van hart en nie die fisiese besnydenis nie.

Nee, alles maar **alles wat ek het behoort aan die Here** en die vraag moet eintlik gladnie wees hoeveel moet ek gee nie, maar dalk eerder hoeveel mag ek hou? En ja laat hierdie beslis 'n saak tussen jou en jou Here wees,

en bly bid dat jy 'n goeie rentmeester sal wees aan dit wat hy aan jou toevertrou het.

Let ook daarop dat die Here nooit wil hê jy moet gedwonge voel om te gee nie. Die Here wil dit ook nie hê nie – regdeur die ou testament het hy ook gesê dit moet **vrywillige offers** wees. Daar was wel verpligte offers wat op die Israeliete gelê was, as deel van die seremoniële wette, maar daar is baie klem gelê op vrywillige offers. Kyk bv na

Deu 16:10 Vier die fees van die weke tot eer van die Here jou God. In die mate waarin die Here jou God jou met voorspoed geseën het, moet jy 'n **vrywillige offer** vir Hom bring.

Ook toe hulle die tempel gebou het moes hulle vir **vrywillige gawes** gevra het.

Ja die Here wil hê ek en jy mag en moet geniet wat Hy vir jou gee en verwag dan dat jy ook genoeg sal gee sodat sy gemeente sonder sukkel kan voortgaan, maar dit moet **uit jou hart** uit kom en dit is nie gekwantifiseer nie. Anders moet jy liever nie gee nie (Ananias)

Samevattend wil ek my verstout om te sê dat die **tiendes 'n riglyn** was en ook later een van Moses se wette, maar dat ons vrygemaak is in Christus om waarlik vry te wees (Gal 5:1), en dat ons, ons nie moet laat bind deur wettisme en moets en moenies nie. Nee ons is vry om te leef en te geniet wat die Here vir ons gee,

- sonder om **'n toe hand te hê**, maar ook
- sonder om alles waarmee Hy jou seën net weg te gee.
- Alles wat ons het behoort aan Hom –
- **1Kor 10:26** "want **die aarde met alles** wat daarop is, behoort aan die Here."
-

En dan belangrik

- Bêre van jou geld (SPAAR) vir die maer jare - dit is wysheid. Die Bybel beveel dit ook aan:
 - **Pred 11:2** Hou jou besittings op sewe, selfs ag plekke, want jy weet nie watter teëspoed oor die land kan kom nie.
 - Asook die 10% wat die Israeliete moes spaar dien as voorbeeld

Wees Vrygewig en God sal jou seën – 2Kor 9

- Sonder 'n houding van sekere kerke van - The more you give the more you get – NEE sonder om iets terug te verwag)
- 2Kor 9:7 Laat elkeen gee soos hy hom in sy hart voorneem, nie met droefheid of uit dwang nie, **want God het 'n blymoedige gewer lief.**

Wees vergenoegd - 1Tim 6:8

Wees tevrede met wat jy het en moenie rykdom najaag nie. As jy in elk geval die 2 10% beginsels hierbo as riglyn gebruik en so lewe dan sal jy in elk geval materieel ryk word. En as jy dan nie die eer aan die Here gee nie sal hy dit in elk geval weer vat ook. En onthou tog materiële rykdom is 'n gevaarlike euwel.

Pred 2:26 Vir die mens met wie se lewe God tevrede is, gee Hy wysheid, kennis en blydschap. Maar die een met wie Hy nie tevrede is nie, kry die taak om op te gaar en bymekaar te maak en dit dan te gee aan een met wie God tevrede is. Ook hier kom dit dus tot niks. Dit is 'n gejaag na wind.

Pred 5:9 Die mens vir wie geld alles is, het nooit genoeg geld nie; die mens vir wie rykdom alles is, kry nooit genoeg in nie.

Amen